Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-08-30

Liewe Ouers

BEDANKING
Ons wil graag vir Marius Schonken bedank vir sy reëlings om vir Fatman by die skool te kom laat sing. Die kleuters het dit geweldig baie geniet en die spontaneïteit waarmee hulle saam gedans het, was ‘n belewenis. Baie dankie!

TOELATINGS 2025
Aansoek om toelating vir **gr. RR vir 2025** is steeds oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.

KLEIN LOCHIELAND GEMEENSKAPSPROJEK
Volgende week is die laaste week vir enige donasies, asb.
Week 4: 2-6 September

- Ou komberse, handdoeke, speelgoed, kosbakke

BAIE DANKIE VIR AL DIE SKENKINGS WAT ONS REEDS ONTVANG HET!

EKSTRA KLERE
Onthou asb. om ‘n ekstra stel **WARM** klere vir u kleuter in die tas te pak, vir ingeval u kind baie nat raak by die skool. Hulle moet ook met ‘n warm baadjie skool toe kom, asb!

VERLORE KLERE
Ons doen ‘n vriendelike tog dringende beroep op ouers om asb. u kleuters se klere duidelik te merk! Hier is ‘n groot hoeveelheid ongemerkte, verlore klere. Veral die nuwe Klein Lochieland baadjies. Daar is reeds twee ongemerkte baadjies.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir die week is:		**LENTE**
Ons persepsies is:		Getal: **Hersien getal 1 - 8** Klank: **Hersien alle aangeleerde klanke**
Maandag	2 September:	***Lentedag: Trek iets aan om lente voor te stel, bv. ‘n blom in jou hare***
Dinsdag	3 September:	Ons maak ‘n lente blommetuin
Woensdag	4 September:	Versier ‘n blompot
Donderdag	5 September:	Bak-en-Brou: Ons maak ‘n blom
Vrydag	6 September:	Lekkertjiedag

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die week is: **LENTE**

Ons persepsies is:

Getal: **9**
Klank: **j**
Kleur: **Swart**
Vorm: **Hersiening**

Maandag	2 September:	***Lentedag: Trek iets aan om lente voor te stel, bv. 'n blom in jou hare***
Dinsdag	3 September:	Ons teken 'n blommetuin
Woensdag	4 September:	Ons verf 'n skoenlapper
Donderdag	5 September:	Ons hou 'n blomskattejag
Vrydag	6 September:	Bak-en-Brou: 'n Blommetjie

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel